

**Donderdag 26 Oktober**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-9**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:4**

### **Opvoeding deur tug en vermaning**

'n Siek samelewing is die vrug van 'n gebrek aan dissipline. Studente-opstand, geweld, intimidasie, vandalisme en wetteloosheid is die simptome wat in basiese opvoeding aangespreek moet word.

Die basis van 'n gesonde samelewing begin in die ouerhuis. Deur tug en vermaning moet die “regte” waardes, lewensingesteldheid en lewenswyse gekweek word. Waar die “regte” opvoeding ontbreek, ontaard die jeug in rebelsheid. 'n Verkeerde daad wat nie dadelik gestraf word nie, gee daartoe aanleiding dat aangehou word om verkeerd te doen (Pred. 8:11). Eli se seuns het nie na sy vermanings geluister nie (1 Sam. 2:22-25). Dawid het verkeerd teenoor Absalom opgetree en die opstandige gevolge gedra (2 Sam. 14:13, 28).

Om 'n kind “soos die Here wil” groot te maak, is 'n groot verantwoordelikheid. Tug en vermaning wat deur liefde bepaal en gereguleer word, kan alleenlik reg toegepas word as jy Geesvervuld is (Ef. 5:18). Eie woede, humeurigheid, buierigheid, inkonsekwentheid, onredelikheid en baasspelerigheid moet deur selfbeheersing betuel word. Die rede vir tug en vermaning moet ook vir die kind duidelik wees. Straf moet by die oortreding pas en nie die kind verkleiner nie. Liefdevol, met begrip en geduld moet die persoonlikheid en individualiteit van 'n kind gerespekteer word.

Kinders moet ervaar dat ouers self, liefdevol, onder die gesag van Christus buig. Hulle word daardeur geleer om God Drie-enig te ken, lief te hê en te gehoorsaam. Kinders neem fyn waar. Hulle sien dissipline en beheer wat ouers oor hulleself uitoefen – “soos die Here wil”. Kinders sal daarom ook met die gebreke van ouers geduld hê.

*Sing: Psalm 103:5, 7 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*